MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

21 Augustus 2020

OB 1 – K3: Algemene brief

Beste Ouers

Ek kan met dankbaarheid sê dat die skoolkwartaal goed begin het en dat ons geen voorvalle gehad het nie. Dit was lekker om die leerders weer terug te verwelkom by die skool. Die afgelope week se reën was ook 'n groot seën. Op 4 Augustus het u ook 'n brief ontvang om die kwartaal se reëlings t.o.v. die rotasie van die groepe deur te gee; ingesluit was ook 'n kalender om die ruiling te verduidelik.

Ek het vir u 'n kort videoboodskap gestuur waarin ek weer so bietjie gesels het oor die Montie Mall-projek. Ons het die fondsinsameling nodig en daarom wil ek opreg dankie sê vir almal wat reeds bestellings geneem en geld inbetaal het. Ons weet daar word nog gewoeker met bestellings en daar is nog tyd.

Mnr. Riaan Janse van Rensburg het bedank uit die beheerliggaam (Infrastruktuur en veiligheid) weens persoonlike redes. Die beheerliggaam het 'n ouer gekoöpteer om hierdie posisie te vul. Baie geluk aan mnr. Werner van der Merwe, wat bereid is om ons te help deur hierdie portefeulje te vul. Wetgewing bepaal dat 'n ouerlid gekoöpteer mag word deur die SBL, maar 'n tussenverkiesing moet gehou word. Die SBL is in gesprek met die WKOD, insake hierdie reëlings. Sodra ons sekerheid het, sal ons u inlig hoe ons dit gaan doen en ook die datum daarvan deurgee.

Die COVID-19 regulasies vir skole bepaal dat ouers aansoek mag doen om tydelike vrystelling van skoolplig. Leerders met spesifieke siektetoestande mag ook aansoek doen om tuis te werk. U het reeds die inligting hieroor ontvang. Daar is spesifieke vorms wat ingevul moet word, wat dan na die WKOD gestuur word. Dankie aan die ouers wie se kinders tans tuis onderrig word, wat getrou die skoolwerk kom afhaal en sodoende seker maak dat hul kinders nie akademies verwaarloos word nie.

Ons is bekommerd oor leerders wat onreëlmatig tuis bly. Geen werk word gedoen nie, werk word nie afgehaal by die skool nie en die leerders se akademiese jaar gaan verlore. Ouers wat hulle skuldig maak hieraan, sal vanaf volgende week briewe van ons ontvang wat deur die WKOD uitgestuur is.

In ooreenstemming met WKOD direktiewe rondom veiligheid en op aanbeveling die afgelope week vanaf die WKOD, sal die hek by die hoofingang in Langstraat ook vanaf Maandag gesluit word. Navrae moet asb. telefonies gedoen word. Indien u die skool moet besoek, moet u asb. vooraf 'n afspraak maak. Geen pakkies kan deur die dag ingeneem en aan die leerders besorg word nie. Betaal asb. skoolgelde elektronies in of doen 'n inbetaling by die bank. Indien u nie voorafgenoemde kan doen nie, kan u dit saam met u kind stuur om by die kantoor in te betaal. Kontant moet dan asb. in 'n geseëlde en gemerkte koevert wees: u naam en van, kind se naam en van en bedrag op die koevert geskryf. Dankie vir u begrip.

Beste wense

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op sparmontagu
023 614 2080